**<u>22 Februarie 2026</u>**

**<u>Oggend diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 68:1,2; Ps. 68:13; Ps. 38:1,8; Skr. 31:1; Ps. 150:1,3.

**<u>Lees:</u>** Open. 19:11-21

**<u>Teks:</u>** Open. 19:11

**<u>Tema:</u> Christus kom weer as Oorwinnaar-Koning wat in sy kerk en skepping regeer**

***Die wederkoms van die Oorwinnaar-Koning***

In die boek Openbaring is daar geen twyfel oor die Koningskap en oorwinning van Christus oor die satan en sy magte nie. reeds aan die begin, as Jesus aan Johannes verskyn kom sy Koningskap duidelik na vore. Die oorwinning van Jesus word verder beklemtoon wanneer Babilon tot ʼn val kom en Hy op ʼn wit perd ry. Hy is trou en waaragtig en aan Hom behoort die heerlikheid en heerskappy. In die Nagmaal kyk ons nie net terug na sy kruisdood nie, maar kyk ons ook vorentoe na sy wederkoms

***Die regering van die Oorwinnaar-Koning***

Johannes sien nie net die Oorwinnaar-Koning nie, maar hy beskryf ook duidelik wat Hy kom doen het. Hy kom weer om sy regeermag ten volle uit te voer. Hierdie regeermag bring die genade en verlossing vir sy kinders tot uiting, maar vir die ongelowiges bring dit sy regverdige oordele. Dit doen Hy deur die swaard van sy Woord wat uit sy mond uitgaan. Hierdie twee snydende swaard sny alle sonde en onreg uit sy koninkryk uit.

***Die oorwinning van die Oorwinnaar-Koning***

Wanneer Christus sy regverdige oordeel oor die wêreld fel word sy oorwinning vir sy kinders duidelik. Die wêreld en die heidene wat teen die heerskappy van Christus in opstand was en hulle altyd verset het sal eindelik in totaliteit verneder en verslaan word. Vir ons bring dit die heerlike troos dat Hy oor elke aspek van ons lewe heers en die oorwinning vir ons verwerf het.

**<u>Aand diens</u>**

**<u>Sing:</u>** Ps. 99:1,2,3; Ps. 96:1,6; Ps. 75:1,2,4.

**<u>Lees:</u>** Matt 5:33-37; So□37

**<u>Teks:</u>** Son 37.

**<u>Tema:</u> Omdat God die hoogste Regter is mag ons alleen by sy naam sweer.**

***Die basis van die eed.***

Die Kategismus behandel die saak van eedswering steeds onder die derde gebod omdat die Here se naam betrek word wanneer die mens die waarheid moet bevestig. Christus leer sy dissipels in die bergrede dat die mens hoegenaamd nie moet sweer nie, omdat die gelowige gebind is om te alle tye die waarheid te praat. Wanneer ons ʼn eed sweer roep ons die Here in sy alwetendheid en Almag in om die waarheid van sy kinders te bevestig. Om hierdie rede moet die eed wat deur die kinders van die Here gesweer word in geloof en met eerbied geskied.

***Die voorwaarde van die eed.***

Om ons te beskerm teen ʼn onheilige en ligtelike eedswering is daar voorwaardes waaraan ons moet voldoen wanneer ons die Here as getuie inroep om die waarheid te bevestig. Dit moet in waarheid en met verantwoordelikheid geskied terwyl dit oor ʼn regverdige saak gaan. Hierin word die eer van die Here  gesoek en die behoud van ons naaste. So word die liefdeseis van die Woord gestand gedoen. Die gelowige kan hierdie dinge doen wanneer sy ja, ja is en sy nee nee.

***Die betekenis van die eed***

In wese dien die eed nie maar net as ʼn bevestiging van waarheid nie, maar ook as ʼn belydenis voor die Here en teenoor die wêreld. Om hierdie rede mag die mens nie ʼn eed voor enige skepsel of by een van die heiliges sweer nie. Dit is God alleen wat die waarheid kan bevestig. God is die enigste kenner van sy kinders se harte en daarom kan Hy alleen getuig van die waarheid. Die teenkant hiervan is dat Hy ons ook sal straf wanneer die waarheid deur ʼn valse eed in gedrang gebring word.